Argief
Studenteraad.
Mag nie verwyder word nie.

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

SPESIALE KARNAVALUITGAWE
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXII No. 1 Prys 3c
DONDERDAG, 7 MAART 1968

# SPROKIESLAND REGEER!

## Duisende Sports Is Hier

**NA een volle jaar: uiteindelik weer karnaval! Almal het daarvoor gewag, en hier is dit: die geleentheid om alles wat georganiseer word vir 1968 se drie dae feestyd in Matieland, te geniet. En volgens Karnavalvoorsitter Deon van Wyk hang dit van elke Matie alleen af wat hy maak van hierdie dae!**

Die Karnavalkomitee wil graag 'n karnavalgees aanwakker, soos deur middel van winkelvensterversiering — en laat die studente wat deur die strate stap daarna oplet! — en die versiering van koshuise en snaakse feestelike kleredrag! Vir laasgenoemde het Deon 'n spesiale beroep op juniors gedoen.

Die fondse wat tydens die naweek van 7 tot 9 Maart ingesamel word, gaan aan USKOR, die universiteit se klinieke organisasie vir mediese dienste aan kleurlinge.

**Die Matie** verstrek graag weer inligting oor die karnavalprogram. Lees dit asseblief en weet wat gaan aan!

### Donderdagaand

Die verskeidenheidskonsert in die stadsaal — Begin 7.30 — Program: aankondiginge — Cobus Robinson bied studentetalent aan — Pouse en verversings — Verkiesing en kroning van mej. Matieland — kroning waargeneem deur US se Direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard — Besoekende kunstenaars tree dan op — Pryse oorhandig aan koshuis met die beste item — Toegang 30c — Kaartjies ook by stadsaal verkrygbaar.

### Vrydagoggend

8.00 Stalletjies op Jan Maraisplein — 8.30 Handgeerekordpoging begin — 9.30 Grondboontjiestootrekordpoging — 10.00 Item deur ingenieurs — 10.30 Optog in snaakse klere — 11.00 Kredietbewyse en strooibiljette op die plein afgestrooi uit 'n vliegtuigie — 11.00 Snaakse klere beoordeel — 11.15 Optog van snaakse rytuie — 11.30 Snaakse rytuie beoordeel — 12.00 Drinkspoedwedstryd, „boat race", Huis Marais teen Wilgenhof — 12.30 Prys vir beste stalletjie.

### Vrydagmiddag

Persoon wat aanslag maak op die handgeerekord, sal koshuise besoek — Karnavalprogram egter vir aanvullende gradeplegtigheid onderbreek.

### Vrydagaand

Braaivleis — 7.30 — Bring jul eie komberse! — Langs Coetzenburg se rugbyklubhuis — Kaartjies ook op terrein beskikbaar — Musiekprogram deur plaaslike kunstenaars — Handgeerekord geslaan.

Vlotbou van manne en meisies begin by die koshuise! — 10.00.

Koshuise wat saam bou: Eendrag en Irene — Simonsberg en Huis Div — Huis Visser en Lydia — Huis Marais en Huis ten Bosch — Dagbreek en Sonop en die Minervahuiskom — Majuba en Nerina en die Heemstedehuiskom — Wilgenhof en Harmonie — Helderberg en Denneoord en Monica — PSO — Medies — Eikenhof — Hoofvlot: Simonsberg en Huis Div.

### Saterdagoggend

Vlotoptog vanaf Jan Maraisplein — Begin 10.00 — Roete volgens kaart op bladsy twee van hierdie **Matie** — 11.00 Vlotte arriveer op Coetzenburg — Persone in snaakse klere stap saam.

### Saterdagmiddag

Hoenderbraai agter rugbyklubhuis vanaf 12.00 tot 1.30 — Musiek — Vrugte — 2.00 Middagprogram begin — Vlotoptog en Drompoppies — 2.30 Wenvlotte aangekondig — Beker oorhandig vir die wenvlot — Beker oorhandig vir besversierde koshuis — Beker oorhandig vir besversierde winkelvenster — 3.00 Modelvliegtuig gebruik in vertoning deur Kaapse klub — 3.30 Item deur juniors — 4.00 Martin Trimmer op die trampolien — Vrydagoggend se wenstalletjies sal op Coetzenburg wees.

### Saterdagaand

Karnavaldans — 7.30 — Stadsaal — Toegang R3.50 — Orkeste: Eddy Demaio, en die Ritmo's — Maskers by die dans voorsien.

Volkspele — Terrein en tyd op plakkate by koshuise afgekondig.

Mag die karnaval elke jaar met meer geesdrif gevier word, en mag 1968 se karnaval 'n rasende sukses wees!



There was a Crooked Man — Frikkie van Zyl ~ konsert
The cow jumped over the moon — Carle Cillie ~ Vise-Voorsitter
Die Prins van Dorindrosie — Deon van Wyk ~ Voorsitter
Die Reus — Cobus Grabe ~ Sierwaens
Old King Cole — André Van Zyl ~ Karnavaldans
Hey Diddle diddle, the cat and the fiddle — Con Neethling ~ Mediese Verteenwoordiger
Die Wolf — Pieter Wolfaardt ~ Stalletjies
Jan en die Boontjierank — Van Aerd de Jager ~ Reklame en Koshuisversiering
the Pieman ~ Gerhard Delport ~ Sekretaris.
Stoute Kabouter — Johan Bergh ~ Tesourier
Rooikappie — Minnette van der Merwe — Mej. Matieland-kompetisie
Die Heks — Frouwien Rust ~ Tamboernooiens.
The Knave of Hearts — Tys Cilliers ~ Coetzenburgprogram
Simple Simon — Dirk Herzog ~ Akkerjol Redakteur
Feetjie — Ignatius van der Westhuizen ~ Braaivleis

# Die Matie

## REDAKSIE 1968

**HOOFREDAKTEUR:** DIRK HERTZOG, Eendrag (2137)
**HOOFNUUSREDAKTEUR:** IGNATIUS VAN DER WESTHUIZEN, Eendrag (2137)
**NUUSREDAKTEUR:** LOUIS DUPLESSIS, Wilgenhof (2238)
**SOSIALE REDAKTEUR:** NATO ZONDAGH, Wilgenhof (2238)
**KUNSREDAKTRISE:** LEONÉ SCHENCK, „The Oaks" (2341)
**SPORTREDAKTEUR:** ANDRÉ VILJOEN, Majuba (2236)
**SUBREDAKTEUR: INTER-UNIVERSITÊR:** JOHANN BEYERS, Huis Fred Liebenberg (2181)
**SUBREDAKTEUR: SPORT:** ANDRÉ GREVELINK, Helderberg (2131)
**NUUSVERSLAGGEWERS:** PIETER BRÄSLER, JURIE CONRADIE, PIERRE DE VILLIERS, WILLEM LANDMAN, GERHARD MARÉ, DRIES STRYDOM, JENA VAN ZYL, JOHAN VERREYNNE, WILLEM OBERHOLSTER (Medies)
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** BIF BURGER, ESTIA DE WET, JOHAN FOURIE, MERVYN FROST
**KUNSVERSLAGGEWERS:** ETIENNE BRITZ, ELIZE DU PLESSIS, FANIE OLIVIER, MERWEDE VAN DER MERWE
**SPORTVERSLAGGEWERS:** MARIETA BADENHORST, PHILIP BLACK, FRANCOIS CILLIÉ, WICUS DU PREEZ, JOHAN THERON, ANDRÉ WAGENAAR
**INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** AWIE BOSMAN, JAN VOSLOO
**SPOTPRENTTEKENARES:** SUZANNE VAN REENEN
**ADMINISTRASIE:**
**Sekretaris/Sirkulasiebestuurder:** VAKANT.
**Tesourier/Advertensiebestuurder:** SIMON GEERTSEMA, Dagbreek (2326)


# KARNAVALKAPERJOLLE

**RAFEL uit! Raak ontslae van al daardie lank opgekropte inhibisies! Gee jouself oor aan 'n gees van uitgelate en uitbundige vrolikheid! Hierdie is die wekroepe van Matiekarnaval. Hierdie is die aanloklike eise wat aan elke Matie gestel word.**

**Maar, meer dan dit, Karnaval vereis oorspronklikheid, verbeelding, fantasie, kunssinnigheid en vindingrykheid. Dit is 'n toets van verskuilde talente en 'n uitdaging vir inisiatief. Mag Karnaval '68 al hierdie eienskappe in elke Matiestudent na vore bring. Die tema van vanjaar — Sprokiesland — is by uitstek geskik hiervoor en bied 'n uitnodiging tot onskuldige kinderlike plesierigheid.**

**Organisatories verg so 'n Karnaval oneindige inspanning in 'n beperkte tyd. Dank kom veral Deon van Wyk en sy Karnavalkomitee toe vir al die voorbereidings en reëlings wat die Karnaval vooraf gegaan het. Mag hulle die vrugte pluk wat hulle met al die beplanning beoog het: 'n Karnaval wat vlot en gemaklik verloop met volkome duidelikheid oor elkeen se taak in die groot Karnavalmasjien.**


**Vanjaar s'n is die vierde Karnaval. Mag dit uitgroei tot 'n tradisie wat die toets van baie jare maal vier sal kan deurstaan!**

Aansoeke word ingewag vir die pos Sekretaris/Sirkulasiebestuurder op die redaksie van DIE MATIE by:

Die Voorsitter,
Publikasiekomitee,
SR-lokaal,
Sanlam-gebou,
STELLENBOSCH.

Aansoeke moet bogenoemde nie later dan Saterdag, 9 Maart, bereik nie.

## DIE VLOTTE SE ROETE




# *36 Sagte Drompoppies*

## Hul trap al so, al so!

**MENSE dink 'n drompoppie moet mooi wees. Maar dis 'n misverstand. Die eerste vereiste is dat sy oulik sal stap en 'n aanloklike houding het. En dis presies wat 1968 se karnavalpoppies het, behalwe nog dat hulle ook pragtig is!**

Karnaval en drompoppies is soos botter en brood. Die een pas by die ander. Vanjaar weer.

Karnavalkomiteelid Frouwien Rust dra die verantwoordelikheid vir die tamboermeisies op haar skouers. En die drompoppieleidster is Valerie Loubser van Irene. Met die afrigting van die meisies help Robert Smith haar.

### KEURING

Die vorige jare se tamboermeisies het hierdie jaar s'n op Maandag, 26 Februarie, aangewys. Slegs juniors. Eerstejaars mag nie deelneem nie.

En die volgende dag is die 80 aspirant drommeisies verminder tot 36 wat op Coetzenburg sal optree. Vir die opvolgende tien dae moes die 36 elke oggend van half sewe tot kwart oor sewe oefen, en smiddae weer, van vyf tot ses.

### DOM

Aanvanklik was hulle nes nuwe troepe in die amie: hulle kon nie tussen links en regs onderskei nie en het moeilik tyd en rigting gehou! Maar te danke aan Valerie se kennis van ballet het hulle egter spoedig die moeilike passies wat Robert uitwerk, bemeester.

Die orkes van die Hoërskool Swartland op Malmesbury sal die drompoppies begelei, wat die heel eerste deel van Saterdagmiddag se program op Coetzenburg vorm.

Die kleredrag? Nog 'n geheim!

**Alle persone wat nog nie Stellenbosse Studente van 1967 ontvang het nie, mag dit by die SR-lokaal gaan afhaal.**

# 30,000 Akkerjolle op die mark

**AKKERJOL, die Maties se karnavalblad wat nou pas verskyn het, is deurgaans prikkelend en lagwekkend, en na bewering het die blad oral groot byval gevind.**

Die 1968-redaksie van Akkerjol het met nuwe planne en nuwe metodes voor die dag gekom. Hulle het probeer om die blad 'n Matielandkarakter te gee en die inhoud pas nou aan by vanjaar se karnavaltema.

Byna al die stof in die blad is deur Maties self voorsien. En vir die eerste keer is ook 'n fotoverhaal in die karnavalblad opgeneem.

### 30,000!

'n Oplaag van 30,000 Akkerjolle is gedruk, waarvan 7,000 in Stellenbosch versprei is. Vroeg verlede Vrydagoggend is die karnavalblad by feitlik alle koshuise verkoop en ook op straat.

### MET BUSSE

Die ander Akkerjolle is in Kaapstad verkoop, die Paarl, die Strand, Wellington, en op ander dorpe — en wel deur eerstejaars wat verlede Saterdag met busse dié plekke besoek het.

### LIGTE BOTSING

By Simonsberg het 'n ligte botsinkie plaasgevind toe 'n Dagbreek eerstejaar 'n senior wakker gemaak het om 'n Akkerjol te koop. Minerva en Dagbreek se eerstejaars was verantwoordelik vir die verkope in Stellenbosch.

### GELUK

Dit kom voor of 1968 se Akkerjol in sy doel geslaag het: om 'n karnavalgees aan te wakker. Geluk aan redakteur Dirk Hertzog en sy redaksie! Veral as die blad ook finansieel 'n sukses is.

## Kom op Parade!

# VALERIE LEI HAAR SPAN



# DIS MY AKKERJOL-DOEDIES DAAI!!




## ELSA BENADÉ (19)

(Nerina)

**B.A. (L.O.) II.**

„Verlede jaar se Sjampanjenooientjie-kompetisie was my eerste ondervinding van 'n skoonheidskompetisie. Ek hou egter nie veel van sulke kompetisies nie, want om met onbekende mense te gesels is 'n ander saak as om voor 'n klomp onbekende mense te verskyn. Oor die algemeen vind ek die Matie-mans heeltemal bevredigend. Van die mini hou ek ook baie, mits dit pas by die meisie wat dit dra se liggaamsbou. Die maksi is vir my egter nog te onbekend."



## CARINE BOSMAN (19)

(Huis ten Bosch)

**B.A. II.**

„Maselspoort - koningin op UOVS was my eerste skoonheidskompetisie. Na die Mej. Matieland-kompetisie gaan ek nie weer deelneem nie. In my laerskooldae was ek twee jaar lank in die VSA. Ek dink die AFS. is 'n goeie idee. — Ek is van plan om 'n bikini te kry. In gekys wees glo ek nie. Ek wil soveel as moontlik studeer op varsity. Daarna wil ek oorsee gaan om te werk en te toer. Loopbaan: Ek het aan die joernalistiek gedink, maar ek sal nog sien."

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studenteraad, Stellenbosch.

## RIA MARAIS (20)

(Huis ten Bosch)

**Diploma Huishoudkunde II.**

„Dit is die laaste keer dat ek deelneem — ek wil nie ten toon gestel word nie, beslis nie in 'n baaikostuum nie. Bikini's pas by sommige meisies — self sal ek nie een dra nie. Ek keur Engels-Afrikaanse integrasie op die Akker heeltemal goed. Studentepolitiek is nodig om kennis op te doen. Verloof? Ja. Mini's: Hierdie eerstejaars is erger as verlede jaar s'n. Ek is al moeg vir die koshuislewe, maar dis nie ondraaglik nie. As ek hier klaargemaak het, gaan ek skoolhou."



MEJUFFROU AKKERJOL

P R I N S E S

**VOORBLAD-NOOI ASPIRANTE**

P R I N S E S



## HELENE DU TOIT (20)

(Huis de Villiers)

**B.A. Jokl III.**

„Die mans is hoflik en goedgemanierd. My beleid is om elke dag ten volle te benut. Ek gee voorkeur aan geestelik volwasse mans sonder motors. Rokke behoort nie hoër as 4 duim bokant die knie gedra te word deur 'n meisie van gemiddelde lengte nie. Die maksi lyk outyds en die draers daarvan skep 'n verslonsde indruk. Meisies moet natuurlik optree en nie heeldag aan hul ‚pose' dink nie."

## TWEENITHA SHEPHARD (19)

(Irene)

**S.O.D.**

„Deur my deelname aan die Akkerjol-kompetisie voel ek dat ek darem minstens iets vir my koshuis gedoen het. As 'n mens egter na die voorblad van die ‚Akkerjol' kyk, kan ek nie insien waarom ons in tennisrokkies moes paradeer nie. Party meisies sê Stellenbosch se mans is nie hoflik genoeg nie, maar dié wat ek ken, is oorwegend baie vriendelik. Die mini is heeltemal drabaar, mits dit nie te kort is nie."





## RYNA HOUGH (19)

(Nerina)

**B.Sc. L.O. II.**

„Nerina? Heerlik — dit gaan 'n groot koshuis wees! Ek was nie senuweeagtig tydens die kompetisie nie — daar was niks te verloor nie. Sjampanjenooientjie was my eerste skoonheidswedstryd. Nou stel ek nie meer belang nie, maar ek sal deelneem as my koshuis my verkies. Kompetisiedrag — Dis die gesigte wat tel.

„Daar is klieke tussen die taalgroepe in die koshuise. Studente behoort volwasse genoeg te wees voordat hulle aan kampuspolitiek deelneem. Na my graad wil ek eersee in die opvoedkunde spesialiseer. — Marie het 'n kans om die Mej. Matieland-titel te wen."

## CARIEN DE KOCK (20)

(Irene)

**B.A. III.**

„Die mans hier is baie gaaf en ordentlik." Ongelukkig gaan Carien vas uit. „'n Ou moet sjarmant wees en 'n meisie laat voel dat sy 'n dame is. Verder moet hy 'n sterk persoonlikheid hê."

„Ek wil my nie oor die mini uitspreek nie, maar sommige meisies oordryf dit darem. Ek hoop dat die maksi nie gou op Suid-Afrikaanse bodem inslag sal vind nie. Die twist? Nee, ek hou nie daarvan nie."



# WIE'S MOOISTE IN DIE LAND?



## ARINA JOUBERT (21)

(P.S.O.)

**Huishoudkunde Dipl. II.**

„Ek het voorheen deelgeneem. Ek beskou dit as deel van my Matiewees. My kêrel is teen die kompetisie en ek dink die meeste mans sou dieselfde houding daaroor hê. Hierdie is my laaste skoonheidskompetisie. Persoonlik dink ek dat Carine en Somaria albei goeie kanse het om die titel te wen. Ek wil graag na my studies oorsee gaan."



## LOUIE BARRIE (19)

(Huis de Villiers)

**B.A. Tale II.**

„My mening is dat hierdie skoonheidskompetisie glad nie sy doel dien nie. As junior word jy feitlik gedwing om in te skryf daarvoor en gevolglik is daar baie mooier meisies wat dus nie deelneem nie. Wat ,hy' daarvan dink? Nee wat, hy hou ook nie van die idee nie. Oor die mans op Stellenbosch kan 'n mens jou nie juis uitlaat nie, aangesien daar so baie verskillende tipes is. Ek hou baie van die mini maar vir die maksi sal ek maar eers wag totdat dit in die mode is. Ek vind mense baie interessant en hou ook baie van gedigte en sport."



## CHRISTA HOUGH (21)

(Lydia)

**S.O.D.**

„Die koshuis het my gevra om deel te neem en ek het dit nogal geniet. Ek het reeds briewe van 'n Tukkie en 'n Ikey ontvang om my alle sukses toe te wens! Skoonheidskompetisies oor die algemeen: Gewoonlik ontsnap die mooistes. Ek het 'n beurs om na die verkryging van my diploma oorsee te gaan studeer. Omdat dit my laaste jaar hier is, is hierdie waarskynlik my laaste kompetisie. Brenda staan 'n goeie kans om te wen."




## CARINE BOSMAN (19)

(Huis ten Bosch)

**B.A. II.**

Carine is geen nuweling in hierdie kompetisies nie. Maar hoe voel sy daaroor? „Nee, ek hou absoluut niks daarvan nie. — Vir myself dien dit geen goeie doel nie. Dit kan 'n mens net benadeel. Mense wat jou nie persoonlik ken nie, oordeel na die uiterlike. Daarom is baie vooroordeel daaraan verbonde. — Ek hou van 'n private lewe.

„Ek is nie ten gunste van tennisrokkies vir posering nie. Dit moet liewer in gewone rokke geskied. Ek hou van die mini en die maksi vir die regte stemming en geleentheid. — Persoonlik verkies ek nog die klassieke styl rok."



## SOMARIA VAN DER MERWE (19)

(Sonop)

**O.D.L.O.**

„Hierdie is die eerste formele kompetisie waaraan ek deelneem. My kanse om te wen? Nee, ek het nie die persoonlikheid om altyd te glimlag nie. My kêrel sê niks oor my deelname nie . . . Dit is my eerste en laaste deelname aan 'n kompetisie van dié soort. Ek dra 'n tweestuk-kostuum; bikini's lyk beter aan ander mense. Meer rokke is vanjaar korter — tog sien ek nie uit na die koms van die maksi nie. Studentepolitiek: ek is skrikkerig daarvoor."

☆ ☆ ☆



## BRENDA HOFMEYR (17)

(P.S.O.)

„Die Matiemanier van kompetisie hou is fantasties. Net meisies met twiggybene behoort mini's te dra. In die toekoms wil ek liewer 'n tamboernooientjie wees en nie as individu aan skoonheidskompetisies deelneem nie. Johan is bly oor my verkiesing tot finaliste en het meer vertroue as ek oor my kanse om te wen. Baaikostuums sou slegs toelaatbaar wees vir posering in nasionale of internasionale kompetisies."



☆ ☆ ☆

## JUANITA MYBURGH (18)

(Irene)

**B.Sc. Fisioterapie II.**

„Ek dink dat die baie publisiteit wat aan so 'n skoonheidskompetisie verleen word, aanleiding gee tot 'n daling van die publiek se dunk van die meisies. Dit maak nie vir my baie saak in watter kleredrag die beoordeling plaasvind nie, maar dit laat 'n mens voel na 'n klomp diere op 'n tentoonstelling. My kanse? Absoluut nul! My mening is dat Stellenbosch se kêrels heeltemal gangbaar is. Die mini lyk nie sleg aan 'n meisie met die regte liggaamsbou nie, maar dit moet egter nie te kort wees nie. My grootste belangstelling is musiek."




## MARIE OLIVIER (19)

(Nerina)

**B.A. II.**

„Ek het al vantevore aan 'n skoonheidskompetisie deelgeneem en beskou dit as deel van die studentejolyt. 'n Kort formele- of dagrok is meer wenslik om in te poseer, maar nie 'n bikini nie. Die mini is baie gemaklik. Van die maksi hou ek egter niks. Dit lyk slordig en vertoon die onaansienlikste deel van 'n meisie se been. Ek glo daaraan om Moeder Natuur met 'n bietjie grimering aan te help. Van die mans het ek 'n hoë dunk. Ongelukkig gaan ek taamlik vas uit. Ek hou veral van hoflike, beskaafde ouens met 'n sin vir humor."



## MARIE STANDER (20)

(Sonop)

**B.A. II.**

„Dit is my eerste en heel waarskynlik my laaste ondervinding van 'n skoonheidskompetisie. Ek gaan nie vas uit nie. Alles sal egter afhang van wie die ou is wat met my wil uitgaan. Vir my maak dit nie saak of die ou 'n motor het of nie. Oor die algemeen is die mans baie gaaf. Grimering moenie oordoen word nie. Die maksi is belaglik. My mening oor tipes van danse? Gewone dans is meer aangenaam as moderne danse."



## KARIN WINTERBACH (18)

(Lydia)

**B.A. II.**

„Dis my eerste deelname aan 'n skoonheidskompetisie. Ek het soos 'n vendusiedonkie voor die beoordelaars gevoel. Verkieslik sou ek in 'n lang aandrok wou poseer. Grimeermiddels behoort bestendig gebruik te word. My hartewens is dat die mini nog lank in sirkulasie sal bly. Slegs meisies wie se liggaamsbou dit toelaat, behoort dit te dra. Die maksi is goor. Hoewel ek van twist hou, verkies ek gewone danse. Stellenbosch se mans is 'n gawe klomp. Ek gaan nie vas uit nie en is redelik beskikbaar. Die ouens moet egter nie opdringerig wees nie!"